Addendum A (Byvoeging tot Konstitusie):

Klub kompetisie riglyne en Lede klassifisering

Ons volg die PSSA se reëls en riglyne t.o.v. die kriteria vir die beoordeling tydens klubkompetisies soos neergelê tydens die PSSA se Nasionale Kongres in Oktober 2005.

1. Klassifikasie van lede (Sterstatus)

Lede word as volg geklassifiseer (die klassifikasie is spesifiek per medium) vir klubkompetisiedoeleindes. Nuwe lede wat vanaf ander klubs kom se aanvanklike sterstatus sal na aanleiding van hul punte en status by hul vorige klub bepaal word.

- 1 Ster (Beginner)
- 2 Ster
- 3 Ster
- 4 Ster
- 5 Ster
- Meester

2. Puntetoekenning Tydens Klubkompetisies

Die reëls t.o.v. die punte wat tydens 'n kompetisie behaal kan word, is:

1 Ster

00 – 09 : Geen toekenning
10 – 13 : Brons
14 – 17 : Silwer
18 – 30 : Goud

2 Ster

00 – 11 : Geen toekenning
12 – 15 : Brons
16 – 19 : Silwer
20 – 30 : Goud

3 Ster

00 – 13 : Geen toekenning
14 – 17 : Brons
18 – 21 : Silwer
22 – 30 : Goud

4 Ster en beter

00 – 15 : Geen toekenning
16 – 19 : Brons
20 – 23 : Silwer
24 – 30 : Goud

Meriete toekenning: 27 – 30 (alle kategorieë). Die PSSA verwys hierna as COM

3. Punte vir sterstatus kwalifikasie wat lede kan verwerf tydens kompetisies:

- **Klubpunte (per medium)**

COM	:	5 punte
Goud	:	3 punte
Silwer	:	2 punte
Brons	:	1 punt
Kompetisie wenner	:	1 ekstra punt

- **Salonpunte**

Salonpunte kan verdien word met toekennings wat behaal is in PSSA of PSSA-geaffilieerde Nasionale of Internasionale Salonkompetisies. Salonpunte word vir alle mediums in ag geneem – digitaal en gedrukte foto's.

➢ **Nasionaal**

Salon aanvaarding	:	1 punt
Salon COM	:	2 punte
Salon medalje	:	3 punte

➢ **Internasionaal**

Salon aanvaarding	:	2 punte
Salon COM	:	3 punte
Salon medalje	:	4 punte

4. Vordering na volgende Sterstatus

Om te vorder na 'n volgende sterstatus moet 'n klublid aan al die gespesifiseerde kriteria voldoen,
bv. Vir 2-ster kwalifikasie moet ten minste 24 klubpunte EN 6 Goud/COM toekennings verwerf word.

Vordering	Klubpunte	Aantal Goud/COM	Salonpunte
1 – 2 ster	24	6	-
2 – 3 ster	72	18	-
3 – 4 ster	168	42	6
4 – 5 ster	288	72	26
5 ster – Meester	488	122	86

Let daarop dat hierdie geakkumuleerde totale is en dus nie skoongemaak word met die bereiking van 'n nuwe sterstatus nie.

** ***Dit is noodsaaklik om aan nasionale en/of internasionale salon kompetisies deel te neem om verder as 'n 3-ster te vorder.***